

PRE-PRIMÊRE SKOOL SENEKAL

NASORGBELEID

- Hierdie fasiliteit is slegs beskikbaar vir ingeskrewe kleuters van Pre-Primêre Skool Senekal.
- Verantwoordelike, ervare en volwasse toesig word aangebied.
- Dié persoon reël die middag se program.
- Daar word geen gespesialiseerde lesse aangebied nie.
- Elke kleuter bring haar / sy eie verversings vir die middag en 'n matrassie/kussing / kombersie vir rustyd. Dit word aan die einde van elke kwartaal weer huis toe geneem om skoongemaak te word.
- Daar is 'n geskikte lokaal by die kleuterskool vir Nasorg deur die Beheerliggaam goedgekeur.
- Buitespel mag net op die kleiner speelterrein toegelaat word.
- In geval van koue, reën of onaangename weer buite, mag die TV gebruik word om DVD's of Video's te kyk.
- Daar mag van die kleuterskool se speelgoed in die Kringekamer gebruik gemaak word.
- Die buitewerker moet om 15H00 die buitespelgoed soos fietse ens bêre.
- Die toilette by die Juniorsklas is tot beskikking van hierdie kleuters.
- Die personeel se toilette is tot beskikking van die Persoon verantwoordelik vir die Nasorg.
- Die persoon mag die skool se ketel en yskas gebruik.
- Die Speelkamer moet weer netjies en gereed wees vir gebruik die volgende dag.
- In geval van nood mag die skool se telefoon gebruik word.
- In geval van nood moet die ouers dadelik in kennis gestel word.
- Indien die aangestelde Personeellid vir nasorg a.g.v. persoonlike of dringende verantwoordelikhede NIE die NASORG kan waarneem nie, moet sy vooraf met die aflospersoon goedgekeur deur die beheerliggaam reël en die bedrag van R80 op daardie dag betaal.

PRE-PRIMÊRE SKOOL SENEKAL

NASORG

20-----

KLEUTER: _____

KONTAKNOMMER VAN OUERS / VOOG: _____

MOEDER: _____

KONTAKNOMMER: _____

VADER: _____

KONTAKNOMMER: _____

Die volgende persoon /persone mag ook my kleuter afhaal, maar ek sal dit **vooraf** reël:

_____ Nommer _____

_____ Nommer _____

MEDIESE BESONDERHEDE: _____

DOKTER OP SENEKAL: _____

TEL VAN DOKTER SE SPREEKKAMER _____

KLEUTER ENIGE ALLERGIEË? _____

MERK WAAR TOEPASLIK:

VOLTYDS VIR NASORG (MA , DI, WO, DO, VR) JA / NEE , **OF**

DEELTYDS VIR NASORG JA / NEE

MERK DIE DAE:

Maandag ___ Dinsdag ___ Woensdag ___ Donderdag ___ Vrydag ___

OF

TOEVALLIGE NASORG: (Soos dit mag nodig raak) JA / NEE

HANDTEKENING OUER / VOOG _____

NASORGFOOIE:

Betaling asb. verkieslik per ELEKTRONIESE BANKDIENSTE

BANKBESONDERHEDE:

PRE-PRIMÊRE SKOOL SENEKAL

ABSA SENEKAL

SPAARREKENINGNOMMER: 905 7249 729

VERWYSING: U kleuter se naam en die woord "NASORG"

KOSTE:

OPSIE 1: Voltyds: R300 per maand (Kleuter dan elke dag teenwoordig, behalwe met uitsondering bv. siekte)

OPSIE 2: Deeltyds: R25 **per dag** vir enige 2, 3, of 4 dae

OPSIE 3: Toevallige nasorg: R30 per dag (**enige een dag** van die week, nie gereeld nie)

Die toesighouer sal aan u 'n rekening gee vir die aantal dae wat u van die NASORG gebruik gemaak het. Hierdie rekening is betaalbaar voor die 5de van elke maand.

- * Indien u egter na 17:10 eers u kleuter kom haal, moet u verdere toesigfooi van **R50** vir elke **KWARTIER** laat betaal. Dit sal so op u staat aangedui word vir vereffening. Die reëling is net om ons Personeellid wat vir NASORG verantwoordelik is, teen tydrowers te beskerm – aangesien sulke situasies ongelukkig wel al voorgekom het.

**PRE-PRIMÊRE SKOOL SENEKAL
NASORG
ONDERNEMINGS- EN VRYWARINGSOOREENKOMSTE**

- Ek, die ondergetekende, en ouer of voog van die kleuter _____ aanvaar hiermee die SKOOLREËLS en BELEIDE van die Pre-Primêre Skool Senekal, aangesien hierdie diens net 'n verlenging van die Pre-Primêre Skool is; en ek onderneem om dit na te kom.
- Ek onderneem om die voorgeskrewe NASORGFOOI stiptelik voor die 5de van elke maand te betaal.
- Ek onderneem om my kleuter vanaf 16H30 en nie later nie as 17H15 by die kleuterskool te gaan afhaal.
- Ek is bewus daarvan dat ek myself blootstel aan 'n bykomende toesigfooi wat by my maandelikse rekening gevoeg sal word, indien ek my kleuter later as die voorafbepaalde tyd (17:10) oplaai.

VRYWARING RONDOM BESERINGS:

- Hiermee vrywaar ek die personeel en beheerliggaam van die Nasorg en die Pre-Primêre Skool Senekal van enige kostes of enige eise rondom beserings wat my kleuter mag opdoen op die skoolterrein; of gedurende nasorgtye. Ek erken dat my kleuter se deelname aan enige aktiwiteite in die klas of op die speelapparaat of speelterrein tydens nasorg op eie risiko is en met my toestemming.
- Ek verleen toestemming aan die personeel om mediese hulp in te roep indien my kleuter dit benodig en ek onderneem om die mediese koste daaraan verbonde te dra.

HANDTEKENING VAN VADER OF VOOG: _____

HANDTEKENING VAN MOEDER OF VOOG: _____

DATUM: _____